# Bosveld Jagters- en Wildbewaringsvereniging Letaba Tak

***Posbus 1989 Tzaneen 0850***

***Voorsitter** (Dawie van Vuuren) Tel: 083-454 5391* ***Ondervoorsitter Admin** (Hansie Botha) Tel: 083 290 0738*

***Sekretaris** (Renier vd Merwe): Tel: 082-410 0599* ***Ondervoorsitter* Opleiding** *(Carel Buitendag) Tel: 082-551 8114*

**e-mail :** reniervdm@polka.co.za **Tesourier** *(Rob du Plessis) : Tel: 082 856 6000*

**Sekretaresse** : Marietjie Botha 015-3062307 **e-mail** : dawie.vanvuuren@brokers.absa.co.za


## Notule van die bestuursvergadering op 02 April 2009

**1. Opening en verwelkoming:**

Die vergadering word deur Wim Jacobsz met gebed geopen. Carel Buitendag verwelkom almal teenwoordig by die vergadering.

**2. Doelstellings:**

Die doelstellings word deur Ivan Steyn voorgelees.

**3. Lief en Leed:**

Geen.

**4. Teenwoordig:**

Bestuur:

| | |
|---|---|
| G Fourie | R du Plessis |
| A Botha | D Botes |
| R van der Merwe | C Buitendag |
| I Steyn | I Iveson |

Lede:

| | |
|---|---|
| R MacDonald | N Brummer |
| C Steyn | J Brummer |
| R Venter | M Barnard |
| JU Faurie | G Pretorius |
| J Brummer | A Nel |
| D Nel | J-H Nel |
| J Thiart | S.M Erasmus |
| W de Jager | W Jacobsz |
| C Venter | |

**5. Verskonings:**

Bestuur:

| | |
|---|---|
| Dawie van Vuuren | Alwin Fleischmann |
| Wallie van Dyk | Philip Robinson |
| Walt Katzke | Andre Le Grange |
| Mike Gamba | Hansie Botha |
| Karel Osmers | Chris de Wet |
| Marius van Rensburg | |

**6. Vorige notule:**

**6.1. Sake voortspruitend uit die vorige notule:**

Geen

**6.2. Goedkeuring van die notule van die vorige vergadering**

Die vorige notule word aanvaar en goedgekeur.

**7. Vastelling van die agenda:**

Agenda word aanvaar met verdere bespreking onder hoofpunte.

**8. Finansies & Administrasie:**

8.1 ‘n Ses-maandelikse staat word voorgele deur Rob du Plessis.

8.2 Rob dui aan dat ‘n rekon gedoen moet word van die gelde wat aan uitvoerend betaal moet word.

8.3 Die stand van die bank rekeninge is as volg:

| | |
|---|---|
| Tjek Rek: | R 11 924.84 |
| Spaar Rek: | R 7 191.58 |
| Call Rek: | R157 460.44 |

8.4 Rob du Plessis lê die afgelope 6 maande inkomste / uitgawe staat voor aan die vergadering.

**9. Nuwe Lede en Toegewyde Jagters:**

Die volgende nuwe lede word voorgestel en goedgekeur:

| **Aansoeker** | **Voorgestel deur** |
|---|---|
| Jaco le Roux | Walt Katzke |
| Johan Thiart | Renier vd Merwe |
| Dirkie Joubert | ? |
| Jurie Naude | Dawie v Vuuren |

Die volgende toegwyde jagters aansoek word goedgekeur:

| **Aansoeker** | **Voorgestel deur** |
|---|---|
| Jaco Louw | Abel Botha |
| Riaan Venter | (Vorm uitstaande) |

**10. Klubhuis & skietbaan gronde:**

**10.1. Arbeid**

10.1.1 Die aanstelling van ‘n nuwe skietbaan opsigter word bespreek. Carel sal by Volkshulp 2000 verneem of daar nie geskikte candidate is wat sou belangstel nie. Daar word aanbeveel dat die vergoedingspakket as volg saamgestel word; R2000

basiese salaris, gratis verblyf by die skietbaan en ‘n persentasie kommissie op die inkomste van nie-lede skietbaan gebruikers (Polisie ens).

10.1.2 Barries Barnard word voorgestel aan die vergadering as ‘n potensieele opsigter. Verdere gesprekke sal met hom gevoer word in die verband buite die vergadering. Saak word verwys na die dagbestuur.

**10.2. Klubhuis:**

10.2.1 Die alarmstelsel soos deur Northern Security belowe, kan nie ge-aktiveer word voordat Herman uitgeskuif word nie.

10.2.2 Giam onderneem om met Nico Schoeman te kontak rakende die herstel en opgradering van Daan se huis asook die bou van die teikenstoor.

**10.3 Skietbaan:**

‘n Bedrag van R11 344.14 word goedgekeur vir 16 ure se stootskraper huur by Quality Plant Hire. Dit sal aangewend word om die skietbaan se vlak te sak.

**10.4. Kroeg**

10.4.1 Giam dui aan dat hy wil afstand doen van die kroeg. Hy dui aan dat hy sal aanbly tot tyd en wyl ‘n nuwe opsigter aangestel is wat die werk kan opneem

10.4.2 Daar word besluit dat ‘n nuwe dubbeldeur yskas vir die kroeg aangekoop sal word.

**11. Skietdae:**

11.1 Die Voorseisoen skietdag van 4 April sal die volgende vorm aanneem:
Chasa Tabel
Leeu – 3 x teikens (3 skote binne 10 sek)
.22 Baan – Slegs vir onder 13’s
Windbuks - Voels
Boogskiet – Boogbaan op diermodelle

**12. Opleiding:**

12.1 Die Baan offisiers kursus soos beplan vir 2 April 2009 is nie gehou nie. Carel sal ‘n nuwe datum hiervoor skeduleer.

12.2 Die afgelope gekombineerde Senior en Junior kursus was ‘n groot sukses en sal weer in die vorm aangebied word.

12.3 ‘n Instrukteurseksamen sal met die volgende vergadering geskryf word

12.4 Daar moet gereel word vir die maak van ‘n hemp vir Philip met “Kamp Kommodant” op geborduur. Giam sal reel hiervoor.

12.5 Die Junior 2 kursus gekombineer met ‘n senior kursus word beplan vir 26 Junie op ‘n plaas tussen Letsitele en Gravelotte. Rooibok pryse @ R15/kg.

12.6 Die Senior kursusse sal slegs aangebied word soos op die almanak geskeduleer. Geen adhoc kursusse sal meer aangebied word nie.

12.7 Alle Toegewyde Jagters moet let dat daar nie weer agter hulle aangebel gaan word om hulle aktiwiteite op die stelsel te kry voor die einde van die jaar nie. Dit is elke TJ lid se plig om seker te maak dat sy rekords voldoen aan die minimum vereiste van drie aktiwiteite vir die jaar.

12.8 Daar word kennis gegee dat drie aktiwiteite benodig word voordat ‘n lid oorweeg kan word vir toegewyde status.

**13. Kleiduif:**

Geen

**14. Boogjag:**

Daar word besluit dat R30 per skiet rondte gevra sal word by boogskiet geleendhede. Dit sal aangewend word om die diere modelle mee te vervang soos nodig.

**15. Handwapenjag:**

Geen

**16. Buskruit:**

Geen

**17. Windbuks:**

Geen

**18. Jaggeleenthede:**

Rooibokke kan by Klein Tshipise (Mussina) geskiet word teen R500/ooi en R600/ram

- Kontak vir Dawie indien daar belangstelling is.

**19. Herlaai**

Geen

**20. Redaktrise / publikasies / pers:**

20.1 Die advertensie om die skietdag te adverteer is reeds geplaas.

20.2 Marissa moet genader word om saam op die junior kursus te gaan sodat sy daaroor verslag kan doen. Dit sal ook as reklame vir die BJV asook die grondeienaar dien.

**21 Internet:**

Geen

**22. Uitvoerende vergadering:**

Geen

**23 Fondsinsamelings**

Geen

**24. Beskikbare Vuurwapens**

Sien BJV Winkel op webblad.

**25. Algemeen:**

Geen

**26. Volgende vergadering:**

Bestuursvergadering: 7 Mei 2009

**LYS VAN TOEKOMSTIGE PROJEKTE**

Die volgende lys sal bygehou word om toekomstige projekte te beplan en te prioritiseer:

1. Aanbou van teiken stoor – Lang termyn
2. Verbetering van skietbaan walle en uitgrawing van langshellings – In wording
3. Kamp terrain met ablusies
4. Aanbou van Brown se huis